TOEGERUS VIR *interkulturele bedieninge?*

Ryk van Velden

Die uitdaging van interkulturele bedieninge

Wie sy oor op die grond hou, kom vinnig agter dat gemeenteleiers en lidmate binne die NG Kerk toenemend praat en besin oor die uitdagings wat interkulturele bedieninge aan gemeentes en lidmate bied. Alhoewel die betrokkenheid van gemeentes en lidmate by mense van ander kulture natuurlik niks nuut in die NG Kerk is nie, vind die gesprek en besinning insake interkulturele bedieninge van die kerk met toenemende dringendheid en vanuit nuwe hoeke plaas. Verskeie faktore gee hiertoe aanleiding:

- ✦ Die demografiese omgewing van baie gemeentes het die afgelope jare drasties verander. Waar baie NG gemeentes in die verlede in die hartjie van die Afrikaanssprekende gemeenskappe gefunksioneer het, beleef dieselfde gemeentes vandag dat die persentasie Afrikaanssprekendes binne die geografiese grense van die gemeente drasties afgeneem het en dat mense van ander tale en kulture hulle binne die grense van die gemeente tuisgemaak het. Soms is daar geen gemeente in die onmiddellike omgewing wat die mense met die evangelie in hulle taal (en kultuur) kan bedien nie. Hierdie toedrag van sake daag die gemeentes op nuwe en dringende wyse uit om hulle identiteit en bediening weer grondig te deurdink.
- ✦ Die finansiële druk wat gemeentes ervaar as gevolg van die afname in lidmaatgetalle, lei ook daartoe dat sommige gemeentes indringend besin oor die wenslikheid en moontlikheid van groter klem op interkulturele bedieninge deur die gemeente. Enersyds word besin oor aksies en bedieninge wat daartoe sal lei dat mense uit nie-Afrikaanse kulture inskakel by die gemeente en andersyds word besin oor die aard van nuwe interkulturele bedieningstrukture wat sal verseker dat nie-Afrikaanse lidmate ten volle kan deel in alle aspekte van gemeentewees binne die bestaande gemeente.
- ✦ Toenemende besef dat gemeentes geroep word om nie alleen "daar ver" nie, maar ook plaaslik verskil te maak, lei daartoe dat baie gemeentes meer planmatig en doelgerig in hulle onmiddellike omgewing, wat per definisie interkulturele omgewing is, betrokke raak. Kultuurgrense wat in dié verband oorgesteek word, is nie net etniese grense nie, maar ook grense van sub-kulture soos byvoorbeeld dié van straatkinders en -bewoners, sekswerkers en middestadbewoners.
- ✦ Die strewe na kerkeenheid plaas ook interkulturele bedieninge op die tafel van elke plaaslike gemeente.

Daar is toenemend konsensus onder diegene wat daadwerklik besin oor die interkulturele bedieninge van gemeentes dat interkulturele bedieninge nie maar een opsie tussen baie vir gemeentes is nie, maar deel behoort te wees van enige gemeente se normale aktiwiteite. Die identiteit van die kerk as gemeenskap waar

daar "nie meer Jood of Griek, vryman of slaaf" is nie, en die konteks van die plaaslike gemeente wat interkulturele konteks is, vereis dat gemeentes wat as lig en sout vir die wêreld wil leef, interkulturele bedieninge moet ontwikkel. Hierdie bedieninge dui enersyds op gemeentestrukture en aktiwiteite wat verseker dat mense vanuit verskillende kultuuragtergronde binne een gemeente effektief bedien word en andersyds op aktiwiteite van gemeentes om die evangelie hoorbaar en tasbaar in die gemeenskap uit te leef.

Die toerusting van gemeentes vir interkulturele bedieninge

Gemeentes wat van oorwegend monokulturele bedieninge na multikulturele bedieninge wil beweeg, moet nie net helderheid probeer kry oor moeilike vrae oor bedieningstrukture nie, maar moet die lidmate ook deurlopend begelei en toerus vir die interkulturele bedieninge. Aspekte van toerusting wat hier ter sprake kom, is onder andere die volgende:

- ✦ Teologiese insig oor en 'n verbintenis tot die identiteit van die kerk in die wêreld (missionêre identiteit).
- ✦ Insig en blootstelling aan die aard en die nood van die konteks waarbinne die gemeente opereer.
- ✦ Pastorale begeleiding van lidmate wat worstel met ervaringe, herinneringe en emosies wat weerstand bied teen interkulturele bedieninge.
- ✦ Kennis oor spesifieke (sub)kulture waarmee die lidmate in kontak kom.
- ✦ Riglyne vir interkulturele kommunikasie, insluitend besluitneming, konflikresolusie en berading.

Wie lidmate in 'n gemeente wil toerus vir interkulturele bedieninge, mag baat vind deur rekening te hou met die volgende:

- ✦ Toerusting moet die uitvloeisel wees van 'n indringende behoeftebepaling. Die aard, duur en intensiteit van toerusting ten opsigte van spesifieke sake sal deur die aard en omstandighede van 'n spesifieke gemeente bepaal word. Toerustingsprogramme moet as 't ware vir elke gemeente ontwerp word. Spesifieke uitkomste moet dus met die toerusting nagestreef word.
- ✦ Die houdinge en emosies van lidmate ten opsigte van mense van ander kulture moet ontdek, verstaan en deurgewerk word. Onderliggende, soms onderbewuste vrees, woede, haat of teleurstelling moet op toepaslike en sensitiewe wyses na die oppervlakte gebring en verwerk word.
- ✦ Verteenwoordigers van betrokke kulture behoort deel te vorm van die toerustingspan.
- ✦ Vrugbare toerusting vir interkulture bedieninge sal waarskynlik volg waar die toerusting ingebed is in die langtermynbeplanning van die gemeente, deurlopend plaasvind, alle groepe in die gemeente betrek en verskeie vorms aanneem.

Dit Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers (TIW) is deur die NG Kerkfamilie in samewerking met Hugenote Kollege in die lewe geroep om gemeentes by te staan in die toerusting van kerklike werkers wat deeltyds of voltyds in interkulturele konteks werksaam is.
DIE KONTAKBESONDERHEDE VAN TIW IS AS VOLG:
Kontakpersoon: Dr R van Velden. Tel 021 873 1181. E-pos: tiw@hugenote.co.za